# LYDENSTYD

## HUISGELOOF: GEWOONTE 6

**Lydenstyd is 40 dae lank (uitgesluit Sondae) vanaf Aswoensdag tot Paasfees.**
Laai die DinkJeug Families app af en gebruik dit om daagliks saam te luister, lees, gesels en te bid.

## VERTEL STORIES
## ESEGIËL 37:1-14

### OMGEE
Neem ‘n sak/hoed en gooi ‘n paar kombuisitems daarin soos ‘n klitser, lepel, groenteskiller, soutpot, skêr, ens. Elkeen kry ‘n beurt om ‘n item uit die sak te trek en dan iets oor hul week te vertel m.b.v. die item, bv. “My Wiskunde-toets het my die week omgeklits, want die vrae was onverwags moeilik.”

### GESELS
‘n Profesie is wanneer die Here mense wil bemoedig wat swaarkry met ‘n storie/beeld wat hoop bring. Esegiël sien droë bene wat weer lewe kry.
**Lees: Esegiël 37:1-14**
- Wat sou jy dink en reageer as jy Esegiël was en die droë bene sien lewe kry?
- Vertel van ‘n keer toe daar uitkoms was nadat almal reeds moed verloor het.
- Watter belofte en hoop gee hierdie verhaal vir ons?

### DOEN
Stories van hoop help ons onthou dat God lewe en herstel kan bring, al lyk dinge moeilik.

Lees saam meer oor die geskiedenis van **Mensregtedag** op die internet. Wat leer ons, as gelowiges, uit hierdie storie?

### BID
Here, ons bid vir lewe en uitkoms vir omstandighede wat dood en hopeloos lyk...

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore: